



ORDONNANSIES
VAN
DIE PROVINSIE TRANSVAAL
1923

GEPUBLISEER OP LAS

En gedruk onder toesig van die Goewernementsdrukker

PRETORIA
DIE GOEWERNEMENTSDRUKKERY EN KANTOOR VAN SKRYFBEHOEFTE
1923

GEDRUK DEUR DIE GOEWERNEMENTSDRUKKER, PRETORIA

8281—31/10/23—1,200

MERENSKY-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Klasnommer 345.1-024

Registernommer 571274

TRANSVAAL

INHOUD.

NOMMER VAN ORDONNANSIE.	TITEL.	BLADSY.
1923.		
1	Addisionele Toeëienings (1922-1923) ...	1
2	Hoofbelasting (Boete)	2
3	Toeëienings (Deel 1923-1924) ...	3
4	Financiële Vereffenings	4
5	Winkelure	6
6	Twede Toeëienings (Deel 1923-1924) ...	21
7	Onderwijs Wet Wijzigings	22
8	Maatskappye Belasting	23
9	Verkopinge by Publieke Opbod Belasting ...	28
10	Wegen Wijzigings	32
11	Toeëienings (1923-1924)	33
12	Licentie Wijzigings	36
13	Motorvoertuigen Wijzigings	36
14	Plaatselik Bestuur Wijzigings	40

'N ORDONNANSIE

Orl. No. 1 van
1923.

Tot aanwending van 'n verdere som geld van nie meer dan £16,570 nie, vir die diens van die Provinsie Transvaal, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1922 tot die 31ste dag van Maart 1923.

(Goedgekeur op 7 Maart 1923.)

(Datum van in werking tree, 21 Maart 1923.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. Die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby belas vir die dienste van die genoemde Provinsie, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1922 tot die 31ste dag van Maart 1923, albei die dae inbegrepe, met 'n verdere som van nie meer dan sestienduisead vyfhonderd sewentig pond nie bowe die somme waarin voorsien is deur die Toeëienings (1922-1923) Ordonnansie, 1922.

Provinsiale
Inkomste-
fonds belas
met £16,570.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal aangewend word vir die doeleindes, en vir die dienste wat genoem is in die skedule wat hierby gevoeg is, in ooreenstemming met die poste en subhoofde, besonderlik uiteengeset en genoem in die Begroting van Addisionele Toeëiening, vir die genoemde tydperk soos deur die Provinsiale Raad goedgekeur.

Hoe geld sal
aangewen
word.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Addisionele Toeëienings (1922-1923) Ordonnansie, 1923.

Korte titel.

Skedule

No. van Pos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
1	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van Onderwys	£ 388	
	Met inbegrip van die nagenoemde dienste:—		
	Private Skole	—	38
	Onderhoud van doofstomme te Worcester en soortgelyke instellinge ...	—	200
	Toelae aan Helpmekaar Vereniging; Pretoria	—	150

ADDISIONELE TOEËIENINGS (1922-1923).
HOOFBELASTING (BOETE).

2

Ord. No. 1 van
1923.

No. van Pos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
		£	£
2	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van Hospitale en Liefdadigheidsinstellinge met inbegrip van Armesorg	1,782	
	Met inbegrip van die nagenoemde dienste :—		
	Middelburg Hospitaal	—	507
	Elim Hospitaal	—	1,000
	Ermelo Hospitaal	—	245
	Springs en Distrik Rooie Kruis, Weldadigheids- en Kinderhulpvereniging	—	30
3	Vir onkoste in verband met Kapitaal-uitgaaf	14,400	
	Met inbegrip van die nagenoemde dienste :—		
	Brugge	—	6,900
	Wege	—	7,500

Ord. No. 2 van
1923.

'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die nie-betaling, onder sekere omstandighede, van boete opgele^A kragtens die bepalinge van die Hoofbelasting Ordonnansie, 1921.

(Goedgekeur op 7 Maart 1923.)

(Datum van in werking tree, 18 April 1923.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg :—

Kwytskelding van boete. **1.** Nieteenstaande enigiets daarmee in stryd in die Hoofbelasting Ordonnansie, 1921, sal niemand geag word aansprakelikheid beloep te hê vir die boete voorgeskryf in artikel vyf daarvan; mits dat die belasting wat verskuldig is op die 30ste Junie 1922 betaal was op of voor die 31ste Oktober 1922.

Korte tiétel. **2.** Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Hoofbelasting (Boete) Ordonnansie, 1923.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £500,000 vir die dienste van die Provinsie Transvaal, gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1924.

(Goedgekeur op 7 Maart 1923.)

(Datum van in werking tree, 21 Maart 1923.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg :—

1. Op en na die eerste dag van April 1923 mag uit die Provinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedraag dan die som van vijf honderd duisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1924, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

£500,000
mag verstrekk
word uit die
Provinsiale
Inkomstefonds.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerkt word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1924, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees en uitkerings wat hieronder al gemaak is, sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloop nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1923, of waarvoor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Uitkerings
onder hierdie
Ordonnansie
aangemerkt
te word as
voorlopige
voorskotte.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (Deel 1923—1924) Ordonnansie, 1923.

Korte tiel.

Ord. No. 4 van
1923.

EEN ORDONANTIE

Om Speciale Voorziening te maken voor zekere Financiële Aangelegenheden en met betrekking tot zaken welke belasting op of uitgaven van de inkomsten van de Provincie met zich brengen.

(Goedgekeur op 11 April 1923.)

(Datum van in werking tree, 25 April 1923.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

ZIJ HET BEPAALD door de Provinciale Raad van Transvaal als volgt :—

Uitgaaf ten opzichte van leerlingen welke 'n Lagere School bezoeken en voortgaan met 'n gedeelte van de middelbare kursuss.

1. Niettegenstaande de definitie van "Lagere School," vervat in artikel twee van de Onderwijs Wet 1907 (Transvaal), zal het wettig zijn uitgaaf te belopen ten opzichte van leerlingen welke 'n Lagere School bezoeken, welke de kursus van lager onderricht hebben voltooid en voortgaan met slechts 'n gedeelte van de kursus van middelbaar onderricht, alhoewel geen middelbare afdeling is ingesteld, krachtens de bepalingen van artikel drie en twintig van diezelfde Wet; en de bepalingen van dit artikel zullen geacht worden van 1 April 1921 van kracht te zijn.

Wijziging van artikel 1 van Ordonantie No. 5 van 1916.

2. Artikel een van de Transvaal Onderwijzers Pensioenen Ordonantie No. 5 van 1916 zal zijn en wordt hierbij gewijzigd door intrekking van de verklaring van de uitdrukking "bijdragen."

Wijziging van artikel 1 van Ordonantie No. 13 van 1919.

3. Artikel een van de Transvaal Hospitaal Verpleegsters Pensioenen Ordonantie No. 13 van 1919 zal zijn en wordt hierbij gewijzigd door intrekking van de verklaring van de uitdrukking "bijdragen."

Betaling van toelage als lid van Provinciale Raad aan G. Hills.

4. De betaling van de toelage, als lid van de Provinciale Raad aan G. Hills, van de datum van zijn verkiezing, t.w., 23 November 1921, is hierbij goedgekeurd.

Benoemingen van zekere onderwijzers en sekretarissen van Beherende Lichamen van Hogere Schoolen.

5. Niettegenstaande enigiets vervat in enige onderwijswet, zijn de benoemingen van de onderwijzers en sekretarissen van Beherende Lichamen van Hogere Scholen, voorkomende in de Eerste Schedule tot deze Ordonantie, tegen de salarisschalen gespecificeerd in het geval van ieder zodanig onderwijzer of sekretaris, hierbij goedgekeurd.

6. De scholen genoemd in de Tweede Schedule tot deze Ordonantie zullen geacht worden opgericht te zijn met ingang van de datum gespecificeerd in het geval van iedere zodanige school.

Oprichting van zekere scholen.

7. Niettegenstaande enigiets in enige wet vervat, is de betaling van transport- en kostbeurzen aan zekere leerlingen welke de Oostrand Ambagschool bezoeken voor het kalenderjaar geëindigd 31 Desember 1922 hierbij goedgekeurd.

Betaling van zekere beurzen aan de Oostrand Ambagschool.

8. Niettegenstaande enigiets vervat in enige pensioenwet, mag enig lid van het Transvaal Onderwijs Departement, aan wie afwezigheidsverlof was toegestaan zonder salaris, ten einde gedurende de oorlog voor militaire dienst ingeschreven te worden, verplicht worden de ouderdomspensioen-bijdragen te betalen krachtens de bepalingen van artikel *een en dertig* van de Oorlogs Speciale Pensioenenwet, 1919, ten opzichte van zodanig verlof voorafgaande aan de eerste dag van April 1917, in welk geval het Provinciale Inkomstefonds ook verplicht zal zijn zijn bijdragen te betalen ingevolge genoemd artikel van de genoemde wet voor genoemd tijdperk.

Belasting op inkomsten van zekere bedragen die door andere ambtenaren verschuldigd zijn als pensioen-bijdragen.

9. Niettegenstaande enigiets vervat in enige onderwijswet, mogen studenten toegelaten worden tot de Huishoudschool, Johannesburg, met het doel 'n opleidingskursus voor onderwijs geven te volgen, en aan zodanige studenten mogen beurzen toegekend worden overeenkomstig de regulaties betrekking hebbende op de toekenning van beurzen welke kunnen gehouden worden aan inrichtingen gevestigd krachtens subartikel (1) van artikel *zes en twintig* van de Onderwijswet, 1907 (Transvaal). De bepalingen van dit artikel zullen beschouwd worden als in werking te zijn geweest van af 1 April 1921.

Toekenning van beurzen aan studenten van de Huishoudschool, Johannesburg

10. Deze Ordonantie mag voor alle doeleinden aangehaald worden als de Financiële Vereffening Ordonantie, 1923.

Korte Titel.

Eerste Skedule.

Naam.	Datum van benoeming.	Rang.	Skaal.
1. Voordewind, C. J. ...	1/10/20	Onderwyser	£305 vas.
2. Bureauan, J. C....	1/10/20	"	£305 "
3. Du Toit, F. J. ...	1/10/20	Waarn. Hoof	£305 "
4. Spruyt, J. W. ...	1/10/20	"	£305 "
5. Martin, H. ...	1/10/20	Onderwyser	£305 "
6. Voordewind, S. J. P. ...	1/10/20	"	£305 "
7. Joubert, J. J. ...	1/10/20	"	£305 "
8. Oosthuizen, B. J. S. ..	1/10/20	"	£305 "

FINANSIËLE VEREFFENINGS.
WINKELURE.

6

Ord. No. 4 van
1923.

Naam.	Datum van be-noeming.	Rang.	Skaal.
9. Boon, L. E. ...	1/10/20	Onderwyser	£305 vas.
10. Pienaar, C. A. ...	1/10/20	"	£305 "
11. Kirsten, W. F. A. ...	1/10/20	Waarnd. Hoof	£305 "
12. Barnard, J. H....	1/10/20	Onderwyser	£305 "
13. Pistorius, J. H. ...	1/10/20	Waarnd. Hoof	£305 "
14. Ferreira, R. S. ...	1/10/20	"	£305 "
15. Redlinghuis, M. P. S. ...	1/10/20	Onderwyser	£272 "
16. Nutt, L. G. ...	1/10/20	"	£305 "
17. Olivier, D. G. ...	1/10/20	"	£305 "
18. Erasmus, L. J. ...	8/8/21	Waarnd. Hoof	£305 "
19. Mohr, L. J. ...	10/7/21	Onderwyser	£272 "
20. Terblanche, J. J. ...	1/10/20	"	£305 "
21. Schuman, P. W. S. ...	25/1/22	Hoof Hoër Skool	£530 - £20 - £730
22. Nel, J. J. ...	1/2/22	"	£530 - £20 - £730
23. Martin, M. A. ...	1/10/20	Hoof Laer Skool	£440 - £20 - £540
24. Hinde, E. R. ...	1/10/20	"	£560 - £20 - £660
25. Cubitt, G. M. ...	1/10/20	"	£440 - £20 - £540
26. Morrison, A. ...	4/4/21	Instrukteur, Am-bagskool	£380
27. Organe, S. G. ...	16/7/21	Onderwyser	£440
28. Brabazon, K. J. M. ...	5/2/21	Onderwyser	£380
29. Van der Spuy, S. J. ...	21/12/20	Sekr., Beh. Lig., Zeerust Hoër Skool	£60
30. Minnaar, J. D....	11/10/20	Sekr., Beh. Lig., Standerton Hoër Skool	£60

Twede Skedule.

Nuwe Hoër Skool vir Jongens, Pretoria	1/2/1922.
Hoër Skool vir Jongens, Benoni	1/2/1922.

Ord. No. 5 van
1923.

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Wet wat betrekking het op Winkelure en Reëling van die Diensure van Winkelbediendes.

(Goedgekeur op 4 Mei 1923.)

(Datum van in werking tree, 23 Mei 1923.)

(Engelse kopie deur die Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg :—

INLEIDING.

Toepassing van Ordonnansie.

1. Hierdie Ordonnansie sal toepasselik wees op iedere munisipaliteit en binne 'n afstand van vyf myle buite die grense daarvan, mits dat die Administrateur by proklamasie die toepassing van die Ordonnansie op enige andere gebied mag uitbrei.

2. In hierdie Ordonnansie sal, tensy onbestaanbaar met die samehang :—

Verklaring
van woorde.

Ord. No. 5 van
1923.

- “Administrateur” beteken die amptenaar benoem onder subseksie (1) van artikel *ag-en-sestig* van die Suidafrika Wet, of enige wysiging daarvan, wat handel op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie ;
- “afslaër” beteken enig persoon wat enige verkoping by publieke veiling onderneem of lei ander as ’n persoon wat vrygestel is van uitneem van ’n afslaërslisensie onder Wet No. 1 van 1885, of enige wet wat die wet wysig ;
- “apteker” beteken ’n persoon in die besit van ’n registrasiesertifikaat wat hom die reg gee die beroep uit te oefen van apteker en (drogis onder die Geneeskunde, Tandheelkunde en Artsenybereidkunde Ordonnansie, 1904, of enige wysiging daarop ;
- “sluitingsuur” beteken die uur waarna dit kragtens hierdie Ordonnansie onwettig is enige winkel te oop of oop te hou ;
- “koffiekraam” beteken enige verplaasbare konstruksie of kraam op wiele waarin alleen sodanige voedingsartiekele en drank verkoop word as volgens die algemene handelsgebruik in die reël verkoop word in koffiekrame vir onmiddellike gebruik ; en tabak en vuurhoutjies ;
- “departement” beteken ’n gedeelte van ’n winkel afgesonder vir die verkoop van ’n bepaalde soort goedere of vir die besigheid wat in sodanige gedeelte van ’n winkel gedryf word ; mits dat nie minder as ses blanke bediendes daarin uitsluitend werksaam is nie, buite en behalwe die hoof of persoon wat die beheer daaroor het ;
- “goedere of koopware” insluit voedstowwe, (dranke, maaltyde, verversinge en die dienste in die reël deur kappers en barbiers verleen ;
- “venter” beteken enig persoon wat reis met ’n wae of ander voertuig (ander as ’n kruiwae of handkar deur hom self geduw) en wat ware te koop het ;
- “munisipaliteit” beteken die gebied of distrik onder die jurisdiksie van ’n stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee, ingestel onder die Plaselik Bestuur Ordonnansie, 1912, of enige wysiging daarvan ;

Ord. No. 5 van
1923.

- “naturellewinkel” beteken ’n winkel waarin of waaruit handel gedryf word hoofsaaklik met persone ander as blanke persone, mits dat die houer van sodanige winkel voldaan het aan die bepalinge van subseksie (1) van artikkel *vyf* hiervan ;
- “normale ure” beteken die dae en ure waarop en gedurende welke ’n winkel onder artikkel *drie* vergund is oop te wees ;
- “houer” beteken die persoon, maatskappy, assosiasie of vennootskap wat die beheer het oor enige winkel of die besigheid daarvan besit, of enig persoon in diens het in of in verband met enige winkel, en sal insluit die bestuurder, agent of ander persoon wat optree vir die algemeen bestuur of toesig van enige winkel, of die hoof of persoon wat die toesig het oor ’n departement ;
- “oop” met betrekking tot ’n winkel beteken oop vir toelaat van ’n persoon vir die doel om aan hom in sodanige winkel enige goedere op koopware te verkoop of te verskaf ; of vir die doel van aanneem van ’n bestelling of vir toon van monsters aan iemand ;
- “marskramer” beteken enig persoon wat te voet reis en sonder ’n voertuig (ander as kruiwae of handkar deur homself voortbeweeg), of met ’n lasdier of drager en wat goedere te koop het ;
- “bevoorregte winkels” beteken winkels gespesifiseer in die eerste kolom van die skedule tot artikkel *vier* ;
- “publieke feesdag” beteken en insluit enige publieke feesdag vastgestel kragtens die bepalinge van die Openbare Feestdagen Wet, 1910, of enige wysiging daarvan ;
- “winkel” beteken enige gebou of gedeelte van ’n gebou, konstruksie, kamer, markkraam, tent, kraam, voertuig (ander as die bestelwae van ’n winkel), of andere plaas welke ook, afsonderlik gebesig, indien sodanig gebou, gedeelte van ’n gebou, konstruksie, kamer, markkraam, tent, kraam, voertuig (ander as die bestelwae van ’n winkel), of andere plaas, gebruik word vir die verkoop daarin, inpak of versend daarin, daarop of daaruit van goedere of koopware, of vir die opberging van goedere vir verkoop, en sal insluit :—

(1) die kantoor en magasyn in verband met sodanige besigheid ;

- (2) enige werkkamer wat 'n deel van sodanige winkel uitmaak, mits dat sodanige winkel nie voorsien is nie van stoom, elektriese of enige andere meganiese krag, en dat daarin nie meer as twee bediendes werksaam is nie; en
 (3) die gebou waarin 'n afslaër gewoonlik sy besigheid uitoefen;
 (4) die gebou van 'n koopman-kleermaker;

dog sal nie insluit nie:—

- (a) enige geboue wat, kragtens die bepalinge van die Fabrieken Wet, 1918, of enige wysiging daarvan, as 'n fabriek aangedui is, en waaruit goedere verpak of versend word;
 (b) enige gebou gelisensieer vir die verkoop van bedwelmende drankte kragtens die bepalinge van die Dranklisensies Ordonnansie, 1902, of enige wysiging daarvan; en
 (c) enige monsterkamer van 'n handelsreisiger of fabrieksagent;

“winkelbediende” of “bediende” beteken enige verkoper, uitstalkasopmaker, klerk, bestellinge-opnemer, boekhouer, versendingsklerk, of verpakker en enige andere persoon werksaam in of vir 'n winkel, en enige persoon werksaam in of vir 'n afslaërsbesigheid, dog sal nie insluit nie 'n houer, of enige persoon uitsluitend gebesig as oppasser of as skoonmaker, of andere huisbediende; mits dat in enige winkel, waar hoogstens drie bediendes in diens is, die houer van die winkel, wat nie die eienaar is nie van die besigheid, vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie geag word 'n winkelbediende te wees.

HOOFSTUK I.

Winkelure.

3. (1) Behalwe soos bepaald in artiekels vier, vyf en ses sal niemand 'n winkel oop of oop hou of vergun oop te wees, en niemand sal in of uit 'n winkel enige goedere of koopware verkoop of lewer of enige bestelling aanneem of monsters uitstal, en geen afslaër, venter of marskramer sal sy bedryf uitoefen:—

- (a) op 'n Sondag of publieke feesdag;
 (b) vroeër as sewe uur in die môre;

Ord. No. 5 van
1923.

(c) later as (in die geval van slagerswinkels vyf uur) ses uur in die aand van Maandag, Dinsdag, Donderdag en Vrydag ;

(d) later as een uur in die namiddag op Woensdag, of sewe uur in die aand op Saterdag ; met die uitsondering van slagerswinkels wat om ses uur in die aand op daardie dag gesluit sal word ; mits steeds dat winkels mag oop gehou word op Woensdae tot sewe uur in die aand, indien hulle nie later as een uur in die namiddag op Saterdag gesluit word nie ; mits verder dat die houer die skriftelike vergunning van die Administrateur sal verkry het ; en mits verder dat sodanige vergunning bindend sal wees vir sodanige houer vir 'n tydperk van minstens ses maande van die datum daarvan en daarna totdat die Administrateur sodanige vergunning sal ingetrek het.

Met betrekking tot enige winkel waarop sodanige vergunning van toepassing is, sal al die bepalinge van hierdie Ordonnansie, wat spesiaal betrekking het op die oophou van winkels of in diens het van bediendes respektiewelik op Woensdag en Saterdag, gelees word as of die woord "Saterdag" daarin het voorgekom in plaas van die woord "Woensdag" en *vice versa*.

(2) Gedurende "Nagmaal" viering sal 'n houer geregtig wees, mits dat die skriftelike vergunning van die Administrateur vooraf sal verkry wees, sy winkel oop te hou tot sewe uur n.m. op hoogstens twaalf Saterdag in enige kalenderjaar ten tyde van enige sodanige "Nagmaal" viering ; mits die winkel gesluit word om een uur n.m. op die Woensdag wat aan sodanige Saterdag voorafgaan.

(3) Onderwerp aan die vergunning van die Administrateur, sal aan enige houer van 'n slagerswinkel wie sy winkel nie oop sal wees van ses uur v.m. tot ses uur n.m. op enige Saterdag nie, vergun word sodanige winkel te oop en sy bediendes daarin te laat werk van ses uur n.m. tot nege uur n.m. op sodanige Saterdag.

Ure van bevoorregte winkels.

4. (a) Buite normale ure mag bevoorregte winkels oop wees vir die verkoop van sodanige goedere vir verbruik of gebruik op of buite die eiendom op sodanige dae en gedurende sodanige ure as hierin gespesifiseer is, naamlik—

Ord. No. 5 van 1923.

Winkels.	Goedere.	Dae.	Ure buite Normale Ure.
Restaurant ...	Vars bereide maaltyde, brood, vis, varse vrugte, lekkergoed, tabak en vuurhoutjies	Dageliks ... Weekdae ... Woensdae ... Sondae ... Feesdae ...	6 tot 7 v.m. 6 n.m. tot 11.30 n.m. 1 n.m. tot 11.30 n.m. 6 v.m. tot 11.30 n.m. 6 v.m. tot 11.30 n.m.
Teekamers ...	Verversinge, vars bereide voedsel, brood, lekkergoed, varse vrugte, tabak en vuurhoutjies	Dito	Dito.
Lekkergoedwinkels, banketwinkels en kandywinkels	Lekkergoed en banket, tabak en vuurhoutjies	Dito	Dito.
Vrugteverkopers en bloemiste	Vrugte, groentes, blomme, tabak en vuurhoutjies	Dito	Dito.
Tabaksverkopers	Rokers benodigde hede	Dito	Dito.
Bakkers ...	Brood, koek, pasty, lekkergoed en banket	Weekdae, behalwe feesdae	6 v.m. tot 7 n.m.
Slagers ...	Vleis ...	Dito	Dito.
Visverkopers ...	Vis ...	Dito	Dito.
Ysverkopers ...	Ys ...	Dito	Dito.
Poeliers ...	Pluimvee en wild	Dito	Dito.
Melkerye ...	Melk (behalwe melk in blik), room, botter, eiers en kaas	Dito Woensdae ... Sondae en feesdae	{ 6 v.m. tot 7 v.m. 6 n.m. tot 7 n.m. 4 n.m. tot 7 n.m. 6 v.m. tot 9 v.m. 4 n.m. tot 7 n.m.
Naturelle en Asiate eethuise, restourasies of teekamers en slagerye wat daaraan verbind is, bestem vir en uitsluitend gebruik deur persone andere as blanke persone	Maaltyde, verversinge, tabak, vuurhoutjies, eet- en drinkware bereiden/of onbereid	Dageliks ... Woensdae ... Sondae en feesdae	{ 6 v.m. tot 7 v.m. 6 n.m. tot 7.30 n.m. 1 n.m. tot 7.30 n.m. 6 v.m. tot 7.30 n.m.

Ord. No. 5 van
1923.

Winkels.	Goedere.	Dae	Ure buite Normale Ure.
Naturellewinkels (onderwerp aan die bepalinge van artikel <i>vijf</i>).	Algemene goedere	Maandae ... Dinsdae ... Donderdae ... Vrydae ... Saterdag ...	6 n.m. tot 7.30 n.m. 7 n.m. tot 7.30 n.m.
Garage ...	Benodighede vir motorvoertuie, alleen om hulle in staat te stel verder te gaan	Daeliks ...	Alle ure.
Aptekers ...	Genees- en heel- kundige benodig- hede	Maandae ... Dinsdae ... Donderdae ... Vrydae ... Woensdae ... Sondae en vrydae	6 n.m. tot 6.30 n.m. 6 n.m. tot 7 n.m. (11 v.m. tot 12 's middags 6 n.m. tot 7 n.m.)

(b) Enige houer van 'n bevoorregte winkel wat enige goedere of koopware verkoop of vergun te verkoop te word buite normale ure, andere as goedere of koopware genoem in die tweede kolom van die skedule tot hierdie artikel, sal skuldig wees aan 'n oortreding en die magistraat mag buite en behalwe die oplegging van die strawwe voorgeskryf in artikel *twaalf*, gelas dat sodanige houer, en, gedurende die tydperk hieronder bepaal, dat iedere opvolger van sodanige houer sy winkel op die normale uur sal sluit vir sodanige tydperk as die magistraat mag bepaal, mits dat die magistraat na goeddink later enige opvolger van sodanige houer mag vrylaat van die toepassing van die genoemde order. Enige houer of opvolger as voorsê wat sy winkel oop of vergun oop te wees in stryd met die order van die magistraat, sal skuldig wees aan 'n oortreding.

(c) Venters en marskramers as sodanig gelisensieer mag die goedere genoem in die tweede kolom van die skedule tot hierdie artikel buite die normale ure verkoop op sulke dae en gedurende sulke ure as genoem is respektiewelik in die derde en vierde kolomme van sodanige skedule, mits dat venters en marskramers nie geregtig sal wees nie enige goedere of koopware op Sondae te verkoop, behalwe varse melk wat deur hulle mag verkoop word gedurende die ure voorgeskryf vir melkerye op sulke dae.

5. (1) Die houer van 'n naturellewinkel sal die reg het sodanige winkel oop te hou buite normale ure soas voorgeskryf in die skedule tot

Naturelle-
winkels.

artikel *vier* hiervan, mits dat hy die winkel-inspekteur het kennis gegee dat sy winkel 'n naturellewinkel is en in die besit is van 'n dokument aan hom gerig en geteken deur die winkel-inspekteur, waarin die ontvangs van sodanige kennisgewing erken word; en mits verder, dat die houer na ontvangs van sodanige dokument 'n kennisgewing aanplak in sodanige vorm, gedaante en afmeting en in sodanige posiesie as deur regulasie mag voorgeskryf word, waarin aan die algemene publiek bekend gemaak word dat sy winkel 'n naturellewinkel is. Die voorgesde dokument sal nie oordraagbaar wees nie en sal deur die houer op versoek van 'n winkelinspekteur of enig lid van die poliesiemag getoon word.

(2) Buite normale ure sal niemand anders as 'n naturel of kleurling deur enige houer voorsien word van enige goedere en koopware in of uit enige naturellewinkel.

(3) Enige houer wat 'n kennisgewing vertoon wat nie ooreenkom met enige regulasie opgemaak kragtens hierdie ordonnansie nie, of 'n kennisgewing vertoon ten effekte dat sy winkel 'n naturellewinkel is en versuim om op versoek van 'n winkelinspekteur of enig lid van die poliesiemag die dokument genoem in subseksie (1) hiervan te vertoon, of wat op enige andere wyse die bepalinge van hierdie artikel oortree, sal skuldig wees aan 'n oortreding en die magistraat mag, bo en behalwe die oplegging van die strawwe voorgeskryf in artikel *twaalf*, gelas dat sodanige houer en, gedurende die tydperk hieronder bepaal, dat iedere opvolger van sodanige houer sy winkel op die normale uur sal sluit en die kennisgewing genoem in subseksie (1) hiervan te verwyder gedurende sodanige tydperk as die magistraat mag beslis, mits dat die magistraat na goeddink later enige opvolger van sodanige houer mag vrylaat van die toepassing van die genoemde order. Enige houer of opvolger as voorsé, wat sy winkel oop of vergun sy winkel oop te maak of die genoemde kennisgewing ophang in stryd met die order van die magistraat, sal skuldig wees aan 'n oortreding.

(4) Die bepalinge van hierdie artikel sal toepasselik wees op die gebiede genoem in die skedule tot hierdie Ordonnansie en op sulke andere gebiede as die Administrateur by proklamasie mag verklaar.

6. Nietenstaande enigiets hiervoor vervat:—

(1) In die geval dat 'n Sondag onmiddellik voorafgaan aan of volg op twee publieke

Handeldryf
op sekere
Sondae,
publieke fees-
dae, ens.

Ord. No. 5 van
1923.

feesdae, of in die geval van drie agtereenvolgende publieke feesdae, of in die geval dat 'n Sondag tussen twee publieke feesdae val, dan sal bakkers, slagers, visverkopers, ysverkopers en poeliers geregtig wees hulle winkels oop te hou en daarin brood, vleis, vis, ys, pluimvee en wild te verkoop en daaruit af te lewer tot nege uur v.m. op een van die publieke feesdae, dog met inagname van wat bepaal is in die eersvolgende subseksie nie op 'n Sondag nie ; mits dat alvorens van sodanig voorreg gebruik te maak die houer van enige winkel als voorsê, redelik skriftelike kennis sal gegee het aan die winkel-inspekteur ;

(2) die Administrateur sal geregtig wees te magtig dat sodanige winkels als voorsê mag oopgehou word en die verkoop en aflewering van die genoemde artikels op Sondaes en publieke feesdae van ses uur v.m. tot nege uur v.m. in plase waarvan hom bekend is dat die klimaattoestande van die aard is dat die verlening van sodanige magtiging 'n vereiste is ;
(3) op die 24ste dag van Desember, mits dat sodanige dag nie op 'n Sondag val nie, sal aan winkels vergun wees oop te wees tot nege uur n.m. ; mits dat wanneer sodanige dag op 'n Sondag val, die vergunning toepasselik sal wees op die voorafgaande dag.

HOOFTUK II.

Diensure van Winkelbediendes.

Diensure van
winkel-
bediendes.

7. (1) Niemand sal enige winkelbediende in diens het—

(a) vir meer as ag-en-veertig ure in enige enkele week met uitsondering van ure vir maaltyde, behalwe in die gevalle genoem in subseksie (4) van hierdie artikel en subseksie (3) van artikel ses ;

(b) vir meer as ag en 'n halwe uur op enige enkele dag met uitsondering van ure vir maaltyde, afgewerk te word binne tien ure van die aanvang van die werk van sodanige bediende ; met uitsondering van op Saterdag, wanneer die dienstdag nege ure mag bedraag, met uitsondering van ure vir maaltyde, afgewerk te word binne elf ure van sodanige aanvang as voorsê ; behalwe op die 24ste Desember (indien sodanige dag nie op 'n Sondag val nie), wanneer die dienstdag vir

twaalf en 'n halwe uur mag wees, met uitsondering van ure vir maaltyde, afgewerk te word binne veertien en 'n halwe uur van sodanige aanvang as voorsê, mits dat indien sodanige dag op 'n Sondag val, hierdie uitsondering toepasselik sal wees op die voorafgaande dag ;

(c) vir meer as vyf uur sonder 'n tussenruimte van minstens een uur vir maaltyde ;

(d) op meer as ses dae in enige enkele week ; hierdie bepaling sal nie toepasselik wees op aptekers nie ;

(e) na een uur, of in die geval van restourasies, koffie- en teekamers na twee uur in die namiddag op meer as vyf dae in enige enkele week. Hierdie bepaling sal nie toepasselik wees op aptekers nie.

(2) Behalwe soas bepaal is deur subseksies (3) en (4) van hierdie artikel en deur subseksies (1) en (2) van artikel *dertien* en subseksie (3) van artikel *drie* en subseksie (1) van artikel *ses*, sal niemand enige winkelbediende in diens het—

(a) op enige Sondag of publieke feesdag ;

(b) later as 6 uur n.m. op Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae ;

(c) later as 1 uur n.m. op Woensdae ;

(d) later as 7 uur n.m. op Saterdag ;

(e) manlik of vroulik onder die leeftyd van agtien jare vir meer as ag en 'n halwe uur op enige enkele dag omvat binne 'n tydperk van tien ure, of later as 6 uur n.m.

(3) Ooral waar in hierdie Ordonnansie 'n winkel toegestaan is oop te wees buite normale ure, mag bediendes werksaam wees gedurende die tyde dat sulke winkels mag oop wees, onderwerp aan die bepalinge van subseksie (1) en paragraaf (e) van subseksie (2) van hierdie artikel.

(4) Vir die doeleindes van voorraadopname of andere spesiale werk, naamlik, dringend of ander noodsakelike werk wat nie kan verrig word gedurende die gewone ure nie, mag die werkers van winkelbedienings verleng word op dae andere as Sondag, publieke feesdae en die wekelikse halwe vrye dag vir nie meer as twee en 'n halwe uur nie op enige enkele dag of vier dae in enige enkele week of dertig dae in enige enkele jaar ; mits dat in gebiede waarin winkelinспекteurs

Ord. No. 5 van
1923.

aangestel is, ieder houer wat aldus die ure van sy winkelbediendes verleng, redelik skriftelik kennis sal gee aan 'n winkelinspekteur wat binne die gebied bevoegdheid besit van sy voorneme sulks te doen, met opgawe van die datums van sodanige verlenging en die name van die betrokke bediendes.

Jaarliks af-
wesigheids-
verlof.

8. (1) Van die inwerkingtrede van hierdie Ordonnansie sal 'n winkelbediende reg hê op afwesigheidsverlof ten opsigte van iedere twaalf maande onafgebreekte diens onder dieselfde werkgewer vir twaalf volle werkdae, geneem te word in 'n doorlopende tydperk, of, in gevalle waarin winkels op Sondag oop is, vir veertien volle werkdae, mits dat—

(a) die werkgewer die verloftyd mag vasstel vir die verskillende winkelbediendes met behoorlike inagneming van die belange van sy besigheid ;

(b) tensy die werkgewer aan enige winkelbediende sy verloftydperk sal verleen het op 'n vroeëre datum, die genoemde verlof sal verleen word binne een maand na afloop van enige jaar deurlopende diens ;

(c) nieteenstaande die intrekking van die wette genoem in artikel *vyftien*, sal enige tydperk van diens wat kragtens die wette enige bediende reg gegee het op jaarliks afwesigheidsverlof en ten opsigte waarvan geen verlof geneem was, aangemerkt word as deurlopende diens vir die doeleindes van hierdie artikel.

(2) Vir die bedoelings van hierdie artikel sal die uitdrukking “dieselfde werkgewer” insluit in geval van oorlyde van 'n werkgewer, die wettige verteenwoordiger, erfgenaam of legataris van dié werkgewer, of in die geval van insolvensie of likwidasie van die werkgewer die kurator of likwidateur, so lang as sodanige verteenwoordiger, erfgenaam, legataris, kurator of likwidateur bly voortgaan die besigheid van dié winkel te dryf en dié winkelbediende daarin te besig.

HOOFSTUK III.

Aanwesigheidsregisters.

Aanwesig-
heidsregister.

9. (1) Iedere houer wat een of meer winkelbediendes in diens het sal in sy winkel voorsien in een of meer aanwesigheidsregisters met afsonderlike folio's vir iedere bediende in die vorm

voorgeskryf deur regulasie, en sal die registers op alle tyde gedurende besigheidsure oop hou vir inspeksie deur enige persoon gemagtig om hulle te inspekteer.

(2) Tensy verhinder sulks te doen weens siekte of andere onvermydelike oorsaak, sal iedere winkelbediende onmiddellik by binnekome en voor verlaat van die winkel by die begin of end van iedere dag, op iedere dag waarop hy in die winkel werksaam is, in inkt of onuitwisbaar potlood sodanige aantekeninge maak in die aanwesighedsregister as voorgeskryf is in die genoemde skedule of deur regulasie as voorsé.

Enige verandering in 'n aantekening deur 'n bediende gemaak, sal deur sodanige bediende geparafeer word.

(3) Iedere houer van 'n restourasie, teekamer, lekkergoedwinkel, banketwinkel, kandywinkel of Naturelle- of Asiate-eethuis, wat een of meer bediendes in diens het, sal in iedere week op die eerste weekdag waarop sy winkel geop is en onmiddellik by of voor sodanige opening, op 'n in die oog lopende plek in sodanige winkel 'n tydtafel ophang met vermelding van die dae en ure ooreenkomstig met hierdie Ordonnansie, waarop en gedurende welke elk van sy bediendes moet werk gedurende die volgende sewe dae, en sal sodanige tydtafel gedurende dié tydperk deurlopend opgehang hou. Sodanige tydtafel sal in die vorm wees as voorgeskryf deur regulasie.

Tydtafel in
sekerere bevoor-
regte winkels.

(4) Enige houer wat versuim of nalaat te voldoen aan die bepalinge van subseksies (1) en (3) hiervan, of belet dat die genoemde aantekeninge gemaak word, of enige valse aantekening maak of oogluikend toelaat, of enige aantekening op bedriegelike wyse verander of laat verander, sal skuldig wees aan 'n oortreding.

(5) Enige winkelbediende wat nalaat te voldoen aan die bepalinge van subseksie (2) hiervan, of enige valse aantekening maak of bedriegelik enige aantekening verander, sal skuldig wees aan 'n oortreding.

(6) 'n Winkelinspekteur of lid van die polisie-mag, mag van 'n winkelbediende of houer vorder voor 'n kommissaris van ede, 'n vrederegter of magistraat te verskyn, om onder eed te verklaar dat die aantekening gemaak in enige aanwesighedsregister of tydtafel, bedoel in subseksies (1) en (3) hiervan, waar en korrek is, en enige sodanige winkelbediende of houer wat enige valse verklaring sal maak in enige sodanige deklarasie sal skuldig wees aan 'n oortreding.

Orl. No. 5 van
1923.

HOOFTUK IV.

Algemeen.

Inspeksie
deur
gemagtigde
persoon.

10. (1) Die Administrateur sal manlike en vroulike amptenare aanstel, wat winkelinspekteurs sal genoem word, wat gesag sal uitoefen binne die munisipaliteite Pretoria, Johannesburg, Alberton, Alexandra, Benoni, Boksburg, Brakpan, Elsburg, Germiston, Greymont, Krugersdorp, Roodepoort-Maraisburg, Springs en Witbank, en binne 'n afstand van vyf myle buite die grense van enige sodanige munisipaliteit, en mag sodanige andere inspekteurs aanstel vir enige andere gebied in hierdie Provinsie. Die genoemde winkelinspekteurs mag op enige tyd enige winkel binnegaan ten einde sig te vergewis of aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie voldaan word, en mag vir die doel enige dokument, uitgereik kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, aanwesighedsregister of tydtafel of die lisensie of lisensies waaronder die besigheid van sodanige winkel gedryf word, inspekteer.

(2) (a) Dit sal die plig wees van alle lede van die poliesiemag om winkelinspekteurs behulpsaam te wees in die toepassing van die bepalinge van hierdie Ordonnansie ;

(b) In enige gebied waarin geen winkelinspekteur aangestel is nie soas voorsê, mag enige lid van die poliesiemag die pligte uitoefen van 'n winkelinspekteur soas voorgeskryf in subseksie (1).

(3) Enige persoon die enige sodanige winkelinspekteur of lid van die poliesiemag wat optree as winkelinspekteur as voorsê belet of verhinder enige winkel binne te gaan of sy plig daarin na te kom, of weier enige redelike inligting te verstrek gevra deur sodanige inspekteur, sal skuldig wees aan 'n oortreding.

Beroegdheid
regulasies
te maak.

11. Die Administrateur mag van tyd tot tyd regulasies* maak, verander, wysig of intrek—

(1) waarin die vorm van aanwesighedsregisters en tydtafels voorgeskryf word ;

(2) waarin die pligte van winkelinspekteurs voorgeskryf en hulle gemagtig word om vir die doeleindes van getuienis enige aanwesighedsregisters of tydtafels in beslag te neem ;

(3) waarin die vorm, wyse, afmeting en

* *Sie Administrateurs Kennisgewing No. 216, Provinsiale Koerant, gedateer 23 Mei 1923, bladsy 358.*

posiesie voorgeskryf word van die kennisgewing wat deur 'n houer van 'n natuurlike winkel moet opgehang word kragtens artikel *vyf* hiervan.

(4) In die algemeen vir die betere toepassing van die bedoelinge van hierdie Ordonnansie.

Alle regulasies of enige verandering of herroeping daarvan sal in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.

12. Enige persoon wat enige van die bepalinge van hierdie Ordonnansie of die regulasies daar- onder opgemaak sal oortree, sal skuldig wees aan 'n oortreding en sal by skuldigbevinding blootstaan aan 'n boete van hoogstens twintig ponde of by wanbetaling aan tronkstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens een maand. Alle boetes ingevorder en verbeurd verklaarde borgstellinge vir enige oortreding, kragtens hierdie Ordonnansie of enige regulasie daaronder, sal in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word. Strawwe.

13. (1) Telkens wanneer enige persoon, behalwe die houer en sy bediendes, in 'n winkel is na die sluitingsuur, sal sodanige winkel geag word oop te wees, tensy bewys word dat sodanige persoon nie in die winkel was nie vir die doel goedere of koopware te koop of te verkry of 'n bestelling te doen of monsters te sien ; mits dat dit wettig sal wees gedurende die vyftien minute wat op die sluitingsuur volg 'n klant te bedien wat reeds op die sluitingsuur in die winkel was. Vermoedens.

(2) Telkens wanneer 'n bediende sig in 'n winkel bevind op enige tyd waarop dit kragtens hierdie Ordonnansie onwettig is hom in diens te hê, sal die houer geag word sodanige bediende in diens te hê tensy die teëndeel bewys word ; mits dat vir die doel van bedien van sodanige klant as voorsê 'n bediende in 'n winkel mag bly vir vyftien minute later as die ure voorgeskryf deur artikel *sewe*.

14. Niks in hierdie Ordonnansie—

Uitson-
deringe

(1) sal van toepassing wees op enige basaar of verkoop van werk vir liefdadige of andere doeleindes waaruit geen private voordeel getrek word, nog op vent of straatverkoop van nuwsblade, nog op koffiekrame, nog op die besigheid van 'n begrafenisondernemer, nog op die verkoop deur enige bona fide landbouer of tuinboer op enige land deur hom gebruik vir boerdery of tuinboerdoel- eindes van enige produkte deur hom op die

Ord. No. 5 van
1923.

land verbou nog op vent of marskraam van sodanige produkte deur sodanige persone as voorsê ;

(2) sal geag word te verbied die vervaardiging van brood of broodprodukte, die ontvangs, bewaar en behandel van melk en melkprodukte, die ontvangs en bewaring van vis, vleis, pluimvee en wild, of druk van visblade of besig van persone vir sodanige doeleindes op enige tyd gedurende die dag of nag ;

(3) sal toepasselik wees op die aflewering van ys of enige benodigdhede aan hospitale en verplegingsinrigtinge of in geval van siekte aan private persone op skriftelik versoek deur 'n geneesheer of gesertifiseerde verpleegster ;

(4) sal toepasselik wees op die verkoop voor 11.30 n.m. van programs, katalogusse, of verversinge in enige skouburg, konsertsaal, of andere plaats van gemaklikheid gedurende enige uitvoering ;

(5) sal toepasselik wees op enige boekstal of verversingskamer op enige spoorwegstasie of op enige eetsalon of verversingsalon op enige spoorweg ;

(6) sal toepasselik wees op die lewering van genees- en heelkundige benodigdhede deur aptekers op enige tyd, in geval van dringende noodsakelikheid ;

(7) sal, behalwe op Sondae en publieke feesdae, toepasselik wees op 'n afslaër wat 'n verkoop hou in 'n private woning van die private goedere van die eienaar of bewoner van sodanige woning ;

(8) sal toepasselik wees op enige verkopinge van goedere en koopware gehou op enige landbou-, tuinbou- of pluimvee-tentoonstelling deur 'n vereniging erken vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie deur die Administrateur.

Herroeping. **15.** Die volgende Ordonnansies sal wees en word hierby herroep :—De Winkeluren Ordonnansie, 1916 ; De Winkeluren Wijzigings Ordonnansie, 1917 ; De Winkeluren Wijzigings Ordonnansie, 1919 ; en De Winkeluren (Witwatersrand en Pretoria) Ordonnansie, 1922.

Korte titel. **16.** Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Winkelure Ordonnansie, 1923.

Skedule.

Ord. No. 5 van
1923.

GEBIEDE WAAROP DIE BEPALINGE VAN ARTIEKEL *vyf* TOEPASSELIK IS

Munisipaliteit	Alberton.
"	Alexandra.
"	Benoni.
"	Boksburg.
"	Brakpan.
"	Germiston.
"	Greyfontein.
"	Johannesburg.
"	Krugersdorp.
"	Roodepoort-Maraisburg.
"	Springs.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 6 van
1923.

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £500,000 vir die dienste van die Provinsie Transvaal, gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1924.

(Goedgekeur op 25 Mei 1923.)

(Datum van in werking tree, 30 Mei 1923.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. Op en na die eerste dag van April 1923 mag uit die Provinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedraag dan die som van vyf honderd duisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1924, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëieningsordonnansie.

£500,000
mag verstrekk
word uit die
Provinsiale
Inkomstefonds.

